# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIELË KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

Monday, 22nd June, 1953. WINDHOEK Maandag, 22 Junie 1953. No. 1771.


CONTENTS


| | *Page* |
|---|---|
| GOVERNMENT NOTICE— | |
| No. 196. Ordinances, 1953: Promulgation of. | 481 |


INHOUD


| | *Bladsy* |
|---|---|
| GOEWERMENTSKENNISGEWING— | |
| No. 196. Ordonnansies 1953: Uitvaardiging van. | 481 |


## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 196.] [22nd June, 1953.

ORDINANCES, 1953: PROMULGATION OF.

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 9. | Municipal Ordinance Further Amendment Ordinance, 1953. | 482 |
| 10. | Promotion of Farming Interests Amendment Ordinance, 1953. | 482 |
| 11. | Unauthorised Expenditure (1952-'53) Ordinance, 1953. | 482 |
| 12. | Land Settlement Amendment Ordinance, 1953. | 483 |
| 13. | Licensing of Totalisators Amendment Ordinance, 1953. | 484 |
| 14. | Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1953. | 484 |
| 15. | Appropriation (1953/54) Ordinance, 1953. | 485 |
| 16. | Territorial Development and Reserve Fund Further Amendment Ordinance, 1953. | 486 |
| 17. | Roads Ordinance, 1953. | 487 |

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 196.] [22 Junie 1953.

ORDONNANSIES, 1953: UITVAARDIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 9. | Verdere Wysigingsordonnansie op Munisipaliteite 1953. | 482 |
| 10. | Wysigingsordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1953. | 482 |
| 11. | Ongemagtigde Uitgawes (1952-'53) Ordonnansie 1953. | 482 |
| 12. | Wysigingsordonnansie op Landnedersetting 1953. | 483 |
| 13. | Wysigingsordonnansie op die Lisensiëring van Totalisators 1953. | 484 |
| 14. | Wysigingsordonnansie op Vermaaklikheidsbelasting 1953. | 484 |
| 15. | Middele (1953/54) Ordonnansie 1953. | 485 |
| 16. | Verdere Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en reserwefonds 1953. | 486 |
| 17. | Ordonnansie op Paaie 1953. | 487 |

No. 13 of 1953.]

# ORDINANCE

To amend the Law relating to Totalisators.

*(Assented to 13th June, 1953.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *two* of the Licensing of Totalisators Ordinance, 1938, is hereby amended by the insertion after the word "application" of the words "lodged with the Administrator at least 14 days prior to the race meeting".

2. This Ordinance shall be called the Licensing of Totalisators Amendment Ordinance, 1953.

No. 14 of 1953.]

# ORDINANCE

To amend the law relating to the imposition of a tax on payments for admission to entertainments.

*(Assented to 13th June, 1953.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" means the Entertainments Tax Ordinance, 1930 (Ordinance 11 of 1930).

2. Section *four* of the principal Ordinance is hereby amended:—

(a) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) No person other than a member of the staff or a performer shall be admitted to any entertainment except —

(a) upon a ticket stating the admission fee and the tax payable and indicating by a method prescribed by the Administrator by regulation (which regulation may authorise the Administrator to direct which method shall be followed in respect of a particular entertainment) that the tax has been paid; or

(b) in pursuance of arrangements made by the proprietor with the Magistrate and approved of by the Administrator, for furnishing returns of the payments for admission to such entertainment and subject to the proprietor having given security in an amount and in a manner approved by the Administrator for the payment of the tax."

(b) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:

"(3) Subject to the provisions of section *five*, the tax shall be payable in respect of, and by or on behalf of, each person admitted to any entertainment and in the case of admission otherwise than by a ticket referred to in paragraph (a) of sub-section (1) shall be calculated and paid on the number of admissions."

3. Section *nine* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in sub-section (3) for the word "four" of the word "ten".

4. This Ordinance shall be called the Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1953.

No. 13 van 153.9]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op totalisators.

*(Goedgekeur 13 Junie 1953.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *twee* van die Ordonnansie op die Lisensiëring van Totalisators 1938 word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde „ingedien by die Administrateur minstens 14 dae voor die reisiesbyeenkoms" na die woord „aansoek".

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Lisensiëring van Totalisators 1953.

No. 14 van 1953.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op die heffing van 'n belasting op toegangsgelde tot vermaaklikhede.

*(Goedgekeur 13 Junie 1953.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie dui die woord „hoofordonnansie" op die „Vermaaklikhedebelastings Ordonnansie 1930" (Ordonnansie 11 van 1930).

2. Artikel *vier* van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur sub-artikel (1) te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

„(1) Uitgesonderd 'n lid van die personeel of 'n voordraer, mag niemand tot 'n vermaaklikheid toegelaat word nie, tensy —

(a) hy 'n toegangskaartjie het waarop die toegangsgeld en die betaalbare belasting vermeld staan en wat aandui dat die belasting betaal is op 'n wyse deur die Administrateur voorgeskryf by regulasie (so 'n regulasie kan die Administrateur magtig om die wyse aan te dui wat ten opsigte van 'n bepaalde vermaaklikheid gevolg moet word); of tensy —

(b) die eienaar met die Magistraat reëlings getref het, en die Administrateur die reëlings goedgekeur het, dat die eienaar 'n opgaaf van die betalings vir toegang tot sodanige vermaaklikheid sal lewer, en mits hy sekerheid stel vir die betaling van die belasting met 'n bedrag en op 'n wyse wat die Administrateur goedkeur."

(b) deur sub-artikel (3) te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

„(3) Behoudens die bepalings van artikel *vyf* moet die belasting betaal word ten opsigte van, deur, of ten behoewe van, elkeen wat tot 'n vermaaklikheid toegelaat word, en, waar toegang nie per kaartjie geskied soos paragraaf (a) van sub-artikel (1) bepaal nie, moet dit volgens die getal toelatings bereken en betaal word."

3. Artikel *nege* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „vier" in sub-artikel (3) te vervang deur die woord „tien".

4. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Vermaaklikheidsbelasting 1953.